

# Reitz atlete presteer



Die volgende atlete van Hoërskool Reitz het baie goed presteer tydens die Hoërskole Vrystaat Atletiekkampioenskappe te Bloemfontein. Hulle is voor vl: Johanné Neethling (D0/14 - 300m Hekkie 6de en 90m Hekkie 7de), Tunelo Motsosi (S0/14 - Driesprong 4de), Simoné Jonker - Driesprong 3de), Aluschka Heymans (D0/16 - 5000m stap - 1ste en 3000m 6de), Carlize de Bruyn (D0/16 - 100m 8ste), Quiriané Charilauou (D0/14 - 100m 8ste) en Wiroeske de Wet (D0/15 - Hammergooi 4de). Agter vl: Bruwer Potgieter (S0/19 - 1000m Medley 3de), A.W. Meintjies (S0/19 - Medley 3de), Armant van Deventer (S0/19 - 1000m Medley 3de en 400m Hekkie 4de), Professor Motholo (S0/19 - 400m Hekkie 2de, 1000m Medley 3de en 400m 7de), Luke Ellis (S0/14 - 300m Hekkie 4de) en Luan Strauss (S0/15 - Spiesgooi 7de). Aluschka Heymans behaal ook 'n eerste plek tydens die Vrystaat ASA Kampioenskappe vir Youth Girls 5000m stap in 'n tyd van 32:34:38 en sy word ook opgeneem in die Vrystaat Hoërskool Atletiekspan na die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe te Port Elizabeth vanaf 20 tot 23 Maart.



Die 0/13 netbaldogters van Hoërskool Heilbron het met groot opgewondenheid hierdie week 'n netbaltoer onderneem na Bloemfontein. Die toer het goed verloop en is baie geniet. Borg: Chrismari Greeff van Arum Lily Gastehuisgroep. Foto erkenning: Marilize Loots Fotografie



## Verkies tot Fezile Dabi Tennisspan



Kristen Müller is die afgelope naweek gekies vir die Fezile Dabi 0/15 tennisspan. Sy gaan die streek later vanjaar by interstreek toernooie in Welkom en Bethlehem verteenwoordig. Foto erkenning: Dawie Fourie Fotografie.

## Verteenwoordig Vrystaat

Op die 2de Maart het Annabel Bester van Heilbron Martial Arts aan die Gauteng Regionals te Pretoria deelgeneem, waar sy die Vrystaat verteenwoordig het. Daar was ongeveer 200 deelnemers van die verskillende provinsies wat aan die dag se verrigtinge deelgeneem het. Annabel behaal 'n tweede plek (silver) in die Point Stop Sparring.

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 • E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

# Nuwe onderwysers by Hoërskool Reitz



Hoërskool Reitz verwelkom drie nuwe personelede in 2019. Hulle is vl: Me. Dricky Wessels, Mnr. Niël Neethling en Me. Amelia Zitzke.

## Wilgies deur na SA's



Twee Wilgies van Hoërskool Wilgerivier gaan vanaf 20 tot 23 Maart aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe deelneem te Port Elizabeth. Jonél van Rensburg en Wilhelm Burger is gekies om Hoërskool Wilgerivier op hierdie vlak te gaan verteenwoordig.



## Reitz atlete presteer

Twee leerlinge van Hoërskool Reitz het goed presteer tydens die Laerskole Vrystaat Atletiekkampioenskappe. Hulle is van links: Suné Hills (Dogters 0/11 Verspring - Eerste - 4,33m) en Adriaan Bonthuys (Seuns 0/12 150m Hekkie - sesde en Verspring agtste). Suné neem vir die Vrystaat Atletiekspan deel tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe te Germiston op 15 en 16 Maart.

## - SCREENING -

### Riemland Pharmacy, Heilbron





## 27 March 2019 | 10:00-16:00

**Services available:**

- Pap Smear\* - R330
- Clinical breast examination - R90
- Prostate Specific Antigen (PSA)\*\* blood test - R150
- FotoFinder mole-analysis - R160
- ABCDE mole examination - R110

**Venue:**  
Riemland Pharmacy  
40 Pierce Street, Heilbron

**BOOKING IS ESSENTIAL - contact:**  
CANSA Care Centre Bethlehem:  
058 303 3522  
Riemland Pharmacy: Betsie Walsh  
083 792 7517

\*Pap smear - screening for the early diagnosis of cervical cancer  
\*\*PSA - Prostate Specific Antigen (PSA) test - blood test to help detect prostate abnormalities



Research • Educate • Support



Telvry 0800 22 66 22  
www.cansa.org.za